

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

Skriflesing: Esegïel 11:1-25

Teks: Esegïel 11:3

Sing- Sb 14:1,2

Hoofstuk 11 is nou die laaste waar Esegïel deur visioene kon sien wat in Jerusalem aan die gang is. Broeder en suster, dit was eintlik verskriklik wat Esegïel alles moes aanskou. God se heilige stad en God se heilige tempel is dit, maar nou is God stadig maar seker besig om uit die tempel en die stad weg te gaan. Die heerlikheid van die Here is besig om te verdwyn want het God vir Esegïel dit duidelik wou maak dat by mense soos hierdie sal Hy wat die Here is nie langer by hulle bly nie. God se troonwa wat die volle heerlikheid van God moes uitdra het nou-al weg van die tempel amper buitekant die stad by die Oostelike poort gaan staan.

Nou wat gebeur daar?! Geliefdes, die Here het dit vooraf duidelik gemaak hoe sy oordeel by sy tempel sal begin. In hfst. 9 het daardie geregsdienaars van God- mans, vrouens, kinders moes vernietig, almal wat sonder die kruisteken was. Dan staan daar spesifiek in v.6 van hfst. 9 dat daar by die tempel, by die heiligdom begin moet word. Hierdie oordeel van God is nou onherroeplik, niemand sal dit kan verander nie, daar is reeds 'n stad vol dooies wat Esegïel daar voor hom sien, maar hoekom word daar by die Oostelike hek nou weer stilgestaan? Die kerk is reeds so hard getref, daar is van die kerk van daardie tyd maar net die gemerktes wat sou oorbly, wat wil hierdie wa wat nou skielik weer gaan stilstaan by die Ooshek maak.

Dan besef ons broeder en suster, die kerk van daardie tyd kan van die politiek van daardie tyd nie losgemaak word nie. Die kerk wat reeds so diep getref is (hfst. 8-10) sou gevolg word met wat in hfst. 11 gebeur. Die vorste van die volk is nou aan die orde (11.1) Die politieke manne sou net so min soos die kerkmanne die oordeel van God vryspring. Die Here se oordeel het wel by sy heiligdom begin, maar waar dit nou werklik op gaan afstuur is nie net wanneer die kerk ten diepste geraak word nie, maar die finale waar God se uit trekkende heerlikheid hulle die hardste gaan slaan is op staatkundige terrein.

Die hoofde van die staat, die politieke leiers, hulle kan ons maar sê is 'n kabinet van ministers, 25 van hulle wat daar by die ingang van die Oospoort gesit het. Hulle hou 'n raadsvergadering. Ons lees weer twee van die 25 se name. Weer die naam Jaäsanja, maar ons moet hom nie verwar met hfst.8 se Jaäsanja nie. Hierdie is 'n ander Jaäsanja-

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

hierdie Jaasanja is die seun van Assur (die ander Jaäsanja se pa was Safan) . Ons lees van nog 'n minister by name nl. Pelatja, seun van Benaja. Saam sit die manne, die vorste daar, die hele ministerie van 25 is daar teenwoordig en daar word deur hierdie politieke leiers in hulle hoë hoedanigheid en in hulle vergadering verstommende dinge gesê.

Hulle het 'n geweldige dink van hulleself! Eintlik verskriklike selfoorskating, wat sterk herinner aan baie van die politici van ons tyd, wat nie aarsel om soos ons dit uitdruk die soustrein tot op sy laaste spoor te ry. Hoor hierdie politieke leiers se vermete le besluit, direk in stryd met die Here se opdrag wat al lankal staan. Die profeet van die Here, Jeremia het die volk lank reeds te midde van hulle ballingskap tog nog opgeroep dat hulle steeds nog vir hulleself huise moet bou (Jer.29:5- *Bou huise en woon en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan*). Jeremia is 'n man wat selfs in die ballingskap-tyd 'n plaas gekoop het, al het dit polities glad nie sin gemaak nie.

Nou hou die ministers nie rekening met wat God se opdrag was nie, maar hulle besluit staan anders. Hulle besluit staan genotuleer- *Nie so gou kom die tyd om huise te bou nie...* En die ministerie, 25 van hulle stem saam. Hulle steur hulle eenvoudig nie aan wat Jeremia gesê het nie, trouens Jeremia is erg verkwalik dat hy as profeet dit enigins gewaag het om hom met die politiek te bemoei en die volk tot selfstandige huise wou roep. Hieroor is Jeremia geslaan en in 'n modderige put gegooi. Dit beleef Jeremia in die land waar Esegïël dit nou ook van vêr in hierdie gesig aanskou.

Van die leiers in die stad sê die Here aan Esegïël in v.2 – *dit is die manne wat ongeregtigheid bedink en slegte raad gee in hierdie stad...* Die manne wat glo hulle eie posisie is so belangrik en so veilig. Manne wat van mening is dat hulle baie beslis beter daaraan toe is as diegene soos Esegïël wat klaar in die ballingskap weggevoer was. Manne wat Jeremia se profesieë hier in hulle teenwoordigheid nie kan verdra nie. Die uitdrukking en raad van om nie nou huise te bou nie word nog verder uitgedra met die uitdrukking van *hierdie stad is die pot en ons is die vleis...*

Hulle wat nie in ballingskap weggevoer was nie, hulle het eintlike hierdie vermete le selfbeeld wou vestig van ons wat in die stad kon agterbly, ons is die vleis, ons is nog veilig hier in ons pot, maar die wat reeds in ballingskap weggevoer was dit is hulle wat

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

uit die pot uitgegooi is, wat maar in die vuur moet braai. As hulle daar wil huise bou laat hulle aangaan, dit raak ons eintlik nie wat hulle doen dit nie... Ons die vleis wat nog veilig in die pot kan wees, dit beskou hulle as 'n logiese reg, maar die Here dink daarvoor heeltemal anders.

Hierdie reg wat hulle glo hulle maar sommer self kan opeis, die Here dink daar niks van nie! Die Here wys hoe die mense in Jerusalem met 'n heeltemal valse idee sit oor wat die uitverkiesing is. Hulle wat agtergebly het toe die ballinge weggevoer was, hulle beskou nou hulleself as die uitverkorenes. Hulle wil die inwoners van Jerusalem laat glo dat die Here is vêr van die ballinge maar ons hier in die stad ons het nou die posisie ontvang waarop ons mag roem. Hierdie stad is die pot en ons is die vleis. Hulle wat in Jerusalem agterbly is dan die sg. ware oorblyfsel terwyl die ballinge reeds deur God geoordeel is.

Hoe baie is die dinge wat 'n mens jou kan verbeel, broeder en suster, dat jy jou in jou eie voorregte so verlekter dat jy heeltemal nie meer is waar God jou wil hê nie?! Die pot bedoelende die stad waarin hulle die vleis is, gou sal hulle uitvind die dood is in die pot. Die Here sal hulle straf, hulle wat die politiek teen die ware profesie rig. Selfs Esegïël is hierin diep geskok, want dit wil voorkom of hy aanvanklik nie van die politieke leiers so 'n slegte dink gehad het nie. Veral die twee wat se name genoem word. Nou wys die Here hom hierdie mense se ware gesig. Die dinge wat ons nie kan sien nie, dit word nou sigbaar. Die Here sien deur sy Heilige Gees ook die gees van die mens raak. Vers 5 dan is Esegïël heeltemal deur die Gees van God oorval- ons lees: *Toe val die Gees van die HERE op my en Hy sê vir my: Spreek, so sê die HERE: So het julle gespreek o huis van Israel; en wat in julle gees opkom, weet Ék...*

Hier gebeur wat ons in hierdie tyd ook ten diepste raak, broeder en suster, die regering van die dag skep 'n tipe van valse welvaart wat keer op keer in 'n mens se gesig ontplof. Die tyd waarin Esegïël hier verkeer het die leiers van die volk dit as dwaasheid wou afmaak, ongeag wat die profete sê dat hulle in die ballingskap vir hulle huise moet bou. Die staat sal mos sorg. Die regering wat hom voordoen dat ons het mos al so baie vir julle gedoen, julle moet op ons vertrou, ons sal vir julle welvaart sorg. Moet julle tog nie huise bou nie, ons is in beheer, hierdie stad is die pot en ons is die vleis.

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

Broeder en suster, onthou dit staan heel in stryd met God se opdrag- en dit kan ons ook maar weet waar 'n regering meer begaan is oor die ekonomiese welvaart as oor die geestelike welvaart kan dit nie goed gaan nie. Allerhande skemas wat regerings en rade voor kan pleit, luister na ons, moet na die profete van die Here nie luister nie, dis dan wanneer 'n mens *welvaarts*-politiek belangriker ag as *gehoorsaamheids*- politiek. Terwyl ons maar net gehoorsaam aan die Here moet wees.

Hierdie 25 man wat Esegiël daar sien, dis asof ons hulle stem hier naby ons hoor. Die Here sê deur Jeremia baie duidelik- bou vir julle huise, bou selfstandig, maar bou in afhanklikheid met die opdrag van die profetiese Woord, bou in afhanklikheid van die beloftes van die Here, bou in afhanklikheid van die komende Messias, maar die regering sê – ons het mos onlangs vir julle huise gebou. Julle huise kom van ons af, julle welvaart, julle alles kom mos van ons wat die regering is. Sonder ons kan daar nie welvaart wees nie... hierdie 25 man beskou die staat, hulleself die regering as die eintlik sosiaal-ekonomiese redders! Dit is wat in daardie 25 se koppe wat daar in hulle vergadering sit aan die gang is. Ons moet die mense van ons beleid afhanklik hou, ons moet die mense laat glo- *nie so gou kom die tyd om huise te bou nie...* Ons is die huis, ons gee die raad, maak nie saak wat die Here sê nie- *hierdie stad is die pot en ons is die vleis...*

Hoe gevaarlik is dit as mense al hoe meer afhanklik gemaak word van die kunsmatige welvaart wat die sg. regering vir hulle voorsien, met die bedoeling dat hulle al hoe meer los staan van die Woord en die opdragte van die Here. So word jy in werklikheid deur hierdie tipe politiek al hoe meer los van Christus. In hierdie tipe van staat en regering is dit die regering wat baie saak maak en Christus maak vir so 'n land en sy inwoners al minder saak. God se kinders word gemaak asof hulle ook maar die regering se kinders is. Sulke mense sal ook so leef dat hulle eintlik sê ons kan nog sonder Christus aangaan, maar sonder die regering se welvaart en subsidies en ondersteuning daarsonder kan ons nie! Hoe gevaarlik word dit later as daar geglo word die regering se stem is belangriker as God se stem... Die stem wat voorgee of die staat net soos die stad aan ons behoort en nie aan die Here nie. Die vermetelheid om dit ook so te verkondig- *hierdie stad is die pot en ons is die vleis...*

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

Ons welvaart moet heeltemal op 'n ander manier en op 'n ander plek na gesoek word, broeder en suster. Die welvaart waarna ons moet soek is die welvaart van God se koninkryk...Hierdie verskriklike selfoorskating wat regerings en politici en sg. leiers, skrywers filosowe en digters en selfs ook die media oor hulleself het, waar sal dit ons nog uitbring?! Hulle wat die Woord van God heelyd wil verdag maak en al wat kerk en mens is wat met die Woord sy weg wil vind word ook verdag gemaak. Ons wat nie ons eie welvaart moet soek nie, maar wat ons afhanklikheid by die Here moet soek. Die Here aan Wie alle dinge behoort, *die aarde en die volheid daarvan...* Dit is dieselfde Here wat sê aan *My behoort alle mag in die hemel en op die aarde...* Die Kategismus is ons hierin ook voor as daar in vr. 30 gevra word- **Glo dié mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?** Ons belydenis se antwoord is 'n kragdadige- **NEE, maar hulle verloën met die daad die enigste Heiland, ofskoon (alhoewel) hulle met die mond in Hom roem...**

Broeder en suster, hoe gouer ons dit besef, hoe beter is dit, dat ons welvaart berus nie by die politici wat die Woord van die Here verontagsaam nie, ons welvaart berus net by Een- nl. ons Here Jesus Christus. Toe Jeremia gewaarsku het- lank reeds in hfst. 1-13- *Ek sien 'n kokende pot wat van die noorde af kyk...* Toe het die politici Jeremia wou belaglik maak- ons is in beheer, moet ons nie wil dreig nie, so vol selfoorskating, ag ons stad is die pot en ons is die vleis...Dit is wat Esegïël Jerusalem se inwoners nou hoor sê, hoe is hy eintlik hierin met Jeremia een, hierdie is 'n ware eenheid tussen die twee manne, Jeremia, Esegïël al is hulle nie bymekaar nie, wel is hulle met dieselfde God in dieselfde tyd gebind. Direk teenoor die 25 man wat met ander bindinge in hulle lewe besig was!

Hierdie 25 wat die ballinge as die krummels, die afkooksel, die oorkooksel, die kaal bene beskou, dié wat saam met Esegïël in die Kebar sit. Esegïël sou hoor, hoe min meegevoel is daar werklik met ons wat reeds weggevoer is, so asof ons die skuldiges is en julle die onskuldiges, julle wat julleself die vleis in Jerusalem as pot noem. Sulke hoogheidswaan, sulke totale selfoorskating soos by die 25, dit maak 'n mens natuurlik ook blind vir die werklikheid. Die werklikheid wat die 25 nie van praat nie, is 'n stad reeds oorgegee aan soveel ellende. Telkens dan sê die Here en dan wys die Here ook vir Esegïël, kyk hoe sleg lyk dit klaar in hierdie stad, as dit 'n pot moet wees is dit eintlik maar 'n totaal verroeste, deurgebrande pot. Julle mislei julleself met hierdie grootwoord

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

praatjies. Dinge wat nie reg is nie, word nie reggemaak nie, maar mense probeer dit reg praat. Om dit wat goed is, sleg te maak, om dan juis die slegte te wil goed praat. Watter krag kan daar nou eintlik in sulke slim praatjies wees?! Om jou sterk te praat as jy nie sterk is nie...

Die Een wat werklik Sterk is, sy heerlikheid is aan die uittrek, dit moet u heeltyd in die konteks van die hele hoofstuk raaksien, eintlik in die konteks van heelwat hoofstukke wat agter hierdie een lê. Die heerlikheid van God is ook in hierdie hoofstuk wel op 'n ander manier baie duidelik. Onthou hoe Christus ons ook geleer het, baie van die wat laaste is, sal eerste wees en die wat eerste is, laaste... Die inwoners van die stad, hulle het gedink hulle is so veilig, die buite die stad en land, hulle in die ballingskap is die verwerptes, maar wat doen die Here in sy heerlikheid hier. Watter geweldige verrassing en nuwe gesig gaan voor Esegiël oop. Eintlik 'n nuwe begin, want God kom met 'n operasie wat mense nie kon dink nie.

Die wat gedink het hulle is die ware oorblyfsel, hulle is die eintlike Israel, hulle is die werklik uitverkorenes, daar in hulle midde val een van hulle leiers by name dood neer. Pelatja sterwe! Wat nou, wat word van mense wat in hulle leiers eintlik al hulle vertrou stel en nie in die Christus van God nie?! Alles gebeur so skielik, so plotselings- tog is hierdie 'n politieke strafdood, het een van ons ou dominees geskrywe, waar die Here deur hierdie man se dood, eintlik maar net weer sy Woord onderskryf. Pelatja se dood is 'n seël op die profetiese Woord soos die dood van Ananias en Saffira 'n bevestiging van die apostoliese Woord was. Pelatja se dood laat Esegiël soos voorheen van smart krul en klaend roep hy uit- *Ag, Here, HERE, wil U 'n einde maak aan die oorblyfsel van Israel...*

Tog sluit ons vandag af met die wonderlike gesig van hier is 'n oorblyfsel, so anders as mense wat hulleself as die oorblyfsel wou beskou. Die welvaart wat mense skep is 'n buite ding, die verlossing en vernuwing van die Here kom in die hart. Ons moet hierdie laaste deel van Esegiël 11 mooi na kyk. Dit wat mense van buite nie wil doen nie- al daardie dinge in v.12 hulle wil in die Here se insettinge nie wandel nie, hulle wil nie die Here se verordeninge nie hou nie, nou staan v 20 so anders as v.12- alles doen die mense met die nuwe hart mooi omgekeerd- trouens hulle is terug by waaroor dit alles

Pretoria- 19 September 2010
 Wonderboompoort- 19 September 2010

gaan. Terug by die verbond- *hulle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees...*

Voordat die Here finaal Jerusalem in sy heerlijkheid uittrek, vóór die troonwa van God op die Olyfberg sou gaan staan, die berg wat oos van die stad lê, voor dit alles, maak die Here 'n nuwe exodus bekend. Die wat buite Israel lê, word nou Israel, die sal Israel weer ingaan, en die wat binne Israel is, word nou eintlik Egipte. Die sterk sinspeling op die grense van die land, soos ons dit in Exodus kry, so hoor ons dit hier nou ook weer. (Vgl. vv 10-11). Die toekoms van Israel kom van wat buite hulle is. In onself kan ons ons nie red nie, veral nie as ons dink ons redding is eintlik maar onself....*hierdie stad is die pot en ons is die vleis.*

Hoe aangrypend staan God se heerlijkheid vir hulle wat buite die land was, die Here wat hulle harte verander gee 'n totaal nuwe kerkbegrip. Die Here word Self vir hulle 'n heiligdom- v.16 se einde- waar die Here sê dat Hy *vir hulle 'n kort rukkie 'n heiligdom sal word in die lande waar hulle gekom het...*Die Here sal sy kerk stig waar Israel gedink het geen kerk kan wees nie. Waar Israel reeds hulle oordele oor uitgespreek het, juis aan sulke veroordeeldes in mense se oë, vir hulle gee die Here 'n nuwe hart. Ja sy Heilige Gees word aan hulle gegee, want God se heerlijkheid trek wel uit, maar God se heerlijkheid kan op geen manier ingeperk word nie.

Die Here gee in Babilon vir Esegïël 'n tydelike heiligdom. Daar word harte heel gemaak en een gemaak, in die plek van die ou menslike gees, die gees van v.5- waar die Here sê – *wat in julle gees opkom, weet Ék...*die menslike gees wat op die dood uitloop, nou maak die Here sy kinders bymekaar en daar kom dit wat alleen die Heilige Gees kan gee, nuwe harte en harte van vlees, want die klip hart is uitgehaal. Harte wat die insettinge en die verordeninge van die Here wil vashou. Watter wonderlike hoop is die einde van Esegïël se gesig nie hier nie. So het God se heerlijkheid weggegaan uit Israel met die wonderlikste en duidelikste beloftes, wat alles waar geword het. As Esegïël teruggaan daar na sy ballingskaphuisie wat hy vêrder aan moet bou, dan is die Olyfberg in Israel die gesig waar God sy wa laat stilhou, om vandaar die oordele oor Jerusalem te laat kom, om dit vandaar alles te aanskou. Dit is alles woorde wat gesien kon word.

AMEN